J.C.G. Kotzé: bleek prediker in 'n swart toga

Op 'n dag in die laat veertigerjare het ons dominee my ma kom vra of sy 'n besoekende "spesiale prediker" vir 'n week sou kon huisves. Daardie tyd het die kerk "spesiale predikers" gehad, gewoonlik uiters toegewyde manne wat die Woord kon bedien soos min ander. Waar hulle gepreek het, was die kerke saans stampvol. Mense het in massas tot bekering gekom of hul geloof weer vernuwe.

Ma was gewillig om die dominee te huisves, maar toe voeg ons eie predikant 'n klein voorwaarde by: die dominee bly nie graag waar klein kinders hom kan steur nie. En waar hoenders is wat soggens kraai, of raserige honde, wil hy ook nie bly nie omdat hy snags tot laat werk. Dr. J.C.G. Kotzé.

Hoogs eksentriek. Ek het sedertdien self al 'n stel of twee met 'n hospita se lastige kroos of honde afgetrap, so, terugskouend het ek simpatie met sy versoek.

En so 'n reeks preke tap jou emosioneel. Sodra jy sleg begin slaap, kan jy maar vergeet van "met jou hele hart" preek. Ons besoekende prediker was glo so 'n mens.

Ma het nagedink en nee gesê. Haar hoenders was te verkies bo die dominee se besoek en om my hond stil te hou, was ook nie haar forte nie, jammer. Ma het onderneem om te help om vir hom lekker kos te maak. Die besoekende leraar het toe by twee ouerige mense tuis gegaan en elke aand skitterende preke gelewer. My eerste gewaarwording van hom was hoe bleek hy lyk in sy swart toga. Hy was sy lewe lank nie die gesondste van mense nie. Maar van sy preke daardie week onthou ek nou nog. Hy sou 'n geweldige invloed op my latere lewe hê.

Toe ek pas op universiteit aangekom het, loop ek op 'n dag ons eie dominee raak in Andringastraat, Stellenbosch. Hy het my vir tee genooi en vertel toe dat hy in die dorp is as lid van die Kweekskool se kuratorium. Hulle moes 'n nuwe professor beroep. En toe lag hy lekker en sê: "Vandag het ons die Kweekskool-kliek se kandidaat lekker ore aangesit! Ons moes iemand kry vir praktiese teologie en hulle wou sowaar 'n ou beroep wat nie kan preek om sy lewe te red nie."

Ek was dadelik geïnteresseerd: "En wie hét u toe beroep?"

Ons dominee het gefluister: "Dis nog nie bekend gemaak nie, maar jy sal hom onthou. Hy het 'n week lank by ons spesiale dienste kom hou. Kolie Kotzé." Ek was heel ingenome.

Daarna het ek prof. Kotzé soms gewaar waar hy eenkant in 'n kafee sit en tee drink of 'n toebroodjie eet. Dit het nooit gelyk asof hy geselskap soek nie, eerder dat mense hom moet uitlos. Hy het my aan daardie profete laat dink vir wie Jesus gesê het: "Groet niemand op die pad nie." Soms het ek hom met sy worshondjie in Mostertsdrif sien stap, al peinsende, die hondjie voor hom uit.

Maar hy kon die krane oopdraai. In sy vroeë bediening het hy sulke stellings van die preekstoel gemaak: "Die hel sal eendag uitgeplavei wees met die kopbene van predikante." Nie juis baie vleiend oor sy kollegas of sy beroep nie. Talle het hom gekritiseer as 'n "metodis" of sektariër. Hy het dikwels gesê hy glo nie juis aan Christene "wat altyd loop en smaail" nie, want God vra respek. En volgens hom was die mees veragte woord van die twigtigste eeu die woordjie "dienskneg".

"Almal wil base wees of hul eie baas wees, maar niemand wil 'n dienskneg wees nie," het hy gesê.

Hy het hom ná die Cottesloe-debakel teen apartheid uitgespreek, waar hy vroeër met erns 'n verdediger van rasseskeiding was. Ek het hom eendag in die Tuine in Kaapstad raakgeloop waar hy sit en lees het, net ná Cottesloe. "Ons is besig om 'n goddelose kerk te word," het hy gesê. Op 'n dag het hy in die Kweekskool ou prof. P.G.J. de Vos aangehaal wat by die sinode uitgestap het met die woorde: "Julle het 'n hoerkerk geword."

Hy het nogal probleme met sy humeur gehad. Niemand sou dit waag om hom in 'n debat van aangesig tot aangesig te takel nie. Hulle het hom agteraf beskinder, ja, maar nooit in sy gesig gesê wat hulle dink nie. En hy het 'n ander swakheid gehad: wanneer iemand hom in die koerant kritiseer, het hy dadelik na die pen gegryp en losgetrek met 'n antwoord. Hy was nié 'n goeie briefskrywer nie. Sy vinnige humeur sou die oorhand kry. Kritiese javels wat nie 'n snars werd was nie, kon hy eenvoudig nie ignoreer nie.

Hy was gewoond daaraan om te preek in kerkgeboue sonder luidsprekers, ook in die buitelug, en hy het 'n stem gehad wat ver dra.

In 1962 was daar 'n klompie duisend mense by 'n saamtrek in die Voortrekkermonument se amfiteater, by 'n "spesiale aanbidding" gelei deur "prof Kolie" (sy bynaam), en as ek dit nie mis het nie was dit ook sonder luidspreker. Die diens is landwyd uitgesaai. Ek wonder hoeveel daardie dag na hom geluister het. Sy boodskap was eenvoudig: "God arresteer jou tot vryheid." (Toe Jesus sy dissipels langs die meer gaan roep het.)

Sy klasse was 'n belewenis. Jy moes dink om by te hou. Jy kon sy lesing buite in die straat hoor, en hy het nie geskreeu nie. Hy was 'n gebore meester van die elokusie. Die Kweekskool se klasse was andersins maar vaal.

Arme, liewe ou prof. F.J.M. Potgieter, byvoorbeeld. Hy het elke dag sy aantekeninge gedikteer, eentonig, langdradig, outyds (hy het nog by Kuyper vasgehaak) en oninspirerend. Ek het net besluit ek skrywe nie wat hy ons geleer het nie, maar stel my eie siening. In die eindeksamen het hy my darem 'n besonder goeie punt gegee. Toe ek my finale punt sien en hom verbaas daaroor nader, het hy gesê: "U het u opinie baie duidelik gestel met die nodige Skrifbewyse en aanhalings van ander teoloë."

Die ander vier professore was ook maar aan die bedaarde kant. Die eindeksamen het oor ses weke gestrek: ses "vakfamilies" en ses-en-twintig onderafdeling-vakke. Dit was 'n toets vir die uithouvermoë. Van die studente het inderdaad gedurende die eksamen emosionele probleme opgetel. Die teologie kan wreed wees en studente het gekla. Prof. Kotzé was nie juis simpatiek nie. "As jy deur die jaar bygehou het, is my vraestelle geen probleem nie," het hy gesê.

Nie heeltemal juis nie: hy het 'n manier gehad van vraestelle opstel waar die vraag soms uiters omvattend was en jy nie altyd mooi geweet het wat hy presies wou hê nie. Dit was nie *text book stuff* nie. En van teksboeke gepraat: een van die handboeke wat hy voorgeskryf het in die homiletiek (of preekkunde), *Fire in thy mouth*, het só begin: "If ever Protestantism should die, the dagger in its back will be poor Protestant preaching."

Hy het nie juis persoonlike vriendskapverhoudings met studente aangemoedig nie. 'n Mens kon 'n afspraak met hom maak en jou saak stel, en dan was dit klaar. Toe twee studente uit ons klas geskors is oor

eksamenknoeiery, het hulle by my en Jan Steyn kom huil. Ons was die seniors op die sogenaamde "Kommissie vir kontrole". Ons het beloof ons sou by die professore gaan mooipraat.

Ons is simpatiek aangehoor, behalwe met die laaste besoek, by einste dr. Kotzé: "Vir wat het julle nou eintlik kom vra?" het hy beduie. "Wil julle hê ons moet hulle maar net 'n soen gee en laat gaan? Daar is genoeg korrupte predikante."

Ons is druipstert daar uit. Toe ons in Van der Stelstraat afry, sê Jan: "Heng, nou het die oubaas ons darem 'n lelike kous oor die kop getrek. Dis of hy óns wou uitdinges oor ander ouens se gemorste. Ek is geskok. Ek het 'n bier nodig." Toe ons twee later met 'n bier sit, het sy hande nog gebewe. Prof Kolie het hóm as senior juis in die oë gekyk, met daardie vlammende Kotzé-oë. Dit was of hy vir Jan wou sê jý was immers tevore 'n onderwyser.

Een oggend het Jan vir my gesê hy is nie lus vir klas nie, veral nie vir 'n sekere professor nie. Ons loop toe kafee toe en eet 'n paar pasteie en drink tee. Toe ons gaan sit, slaan ons ons oë op en siedaar: daar sit prof. Kotzé in die hoek. Ons het gemaak of ons hom nie sien nie. En hy sít. Later moes ons loop, net toe hy opkyk. Ons gaan toe maar na sy tafel en sê jammer, ons was honger én ons was nie lus vir die ander professor se lesings nie. Hy het effe geamuseer gelyk en gesê: "O, julle is soos die man van wie die profeet sê hy vlug vir 'n leeu en 'n beer loop hom raak!" Toe hou hy doodluiters aan met skryf, en ons verdwyn suutjies. Nie dat ou Klaas Vakie (die ander proffie) eintlik 'n leeu was nie.

Op 'n dag het prof. Kotzé by die Kweekskool se hek uitgeloop en vir Rina gegroet, wat vir my gewag het. Hy en Rina was familie. Toe hy groet, sê hy: "Jy moet met Izak en Jan Steyn praat. Ek wou hulle vandag tot orde roep, maar hulle is seniors. Hulle trek my aandag af, want hulle sit en rympies skryf en portrette teken en grinnik. As hulle dit weer doen, sal ek hulle tot orde roep." Ons was verslae. Hoe de swernoot kon hy sien wat ons doen?

In 1961 het hy een week 'n reeks aanddienste vir studente gehou. Die Studentekerk was elke aand volgepak. 'n Mens moes vroeg gaan om plek te kry. Hy het eenkeer een volle uur lank gepréék, en 'n mens kon 'n speld hoor val. 'n Ander aand het hy in plaas van die gewone "amen"

die ou lied "Ek kan hoor my Heiland roep my …" aangehef, en die massa studente het saam ingeval. Magtige, heilige oomblikke.

In 'n teologiese student se sewende en finale jaar is sy proefpreek die groot brug wat hy moet oorsteek. Maar hy het die voorreg gehad om enige van die professore as eksaminator te kies, nie noodwendig die een in homiletiek nie. Ek was daardie jaar die enigste wat dr. Kotzé gekies het om my te beluister, saam met twee sogenaamde paranimfe, klasmaats wat ook kommentaar mag lewer en bydra tot die toekenning van 'n punt.

Ek het besluit om my proefpreek in Franschhoek te hou, waar ek die vorige somer gewerk het terwyl die leraar met vakansie was. Ek het dus die kerkgebou, kerkraad en gemeente redelik goed geken. Die oggend toe ek die konsistorie instap, was my senuwees taamlik verwoes. Om daarvoor te vergoed, begin ek toe met die kerkraad grappies maak. Ek het my byna lam geskrik toe ek prof. Kotzé eenkant in die hoek sien sit. Hy was nie baie vriendelik nie. Gedurende die diens het hy my oor sy bril sit en bekyk. Ek het so effe begin stamel.

Ná die diens is ek en my paranimfe deur die professor in die konsistorie gespreek. Die diakens wou kollektegeld tel, maar die professor het gemaan: "Sal julle asseblief met die tellery wag, dis 'n eksamen hierdie." Hulle is met spoed daar uit.

Prof Kolie het my eerste paranimf om sy mening gevra. Jan het 'n groot huldeblyk gelewer ten gunste. Chris ook. Toe sit die professor agteroor en sê: "Ons het nou na jou paranimfe se lofuitinge geluister. Maar ek is geensins beïndruk nie. Jy is 'n mannetjie wat vir die pawiljoen wil speel. En 'n prediker speel nie vir die pawiljoen nie. Hy lê God se Woord uit, so helder en duidelik moontlik. Jou aanhalings van filosowe klink geleerd, maar vals. Iewers gaan die lewe jou eendag nog hard slaan, en dan sal jy wáárlik kan preek.

"Ek het niks van jou manier van preek gehou nie, gladde tong en al. Niemand sal dit gou weer in die toekoms vir jou sê nie, maar laat ek dit vandag vir jou sê: jy is 'n begenadigde wat jou eie heil in jou styl en kwinkslae soek. Dan is daar nie plek of ruimte vir die Gees van God nie. Jy kan maar gaan."

Buite het ek en my paranimfe by die kraan gaan water drink. In die

"Mans" kon ek sien ek is wasbleek. Kolie het my gekasty. Toe ek na my kar stap, het hy by my verbygekom en gesê: "Jou getikte preek het ek in die konsistorie neergesit. Maar wat ek vir jou *gesê* het, is wat tel."

Ek is al bewende konsistorie toe. Daar het my preekmanuskrip gelê. Hy het my 9 uit 10 gegee. Vandag nog word ek rooi as ek aan daardie oggend dink. Hy het my kop vir my deeglik laat krimp.

Die dag toe ons in die Moederkerk as predikante gelegitimeer is, met ons swart manelle en strikdassies, ewe statig, het ons ná die seremonie buite met ons ouers en vriende gesels. Prof. Kotzé het eenkant gestaan en met niemand gesels nie. Bleek in sy swart toga. Ek het sy oë op my gevoel rus en hy het my met die hand nader gewink.

Hy het my stip aangekyk en gesê: "Izak, jy gaan nooit gewild wees nie, maak jou maar daarvoor klaar. Jy is soos baie Viljees, effe hovaardig en aanvallend en nie 'n engel nie. Jy sal nie veel daaraan kan doen nie. Dis vasgelê. God verander nie 'n mens se persoonlikheid nie. Hy werk daarmee. Jy is geen spanwerker nie. Mense sal van jou hou of jou haat. Jy gaan ook nie baie beroepe ontvang nie. Jy sal dikwels eenkant wees. Maar waar daar probleme in 'n gemeente is, of waar ook al, sal jý geroep word om die krisis te ontlont. Dis jou roeping. As jy die Here dien, wag daar op jou goeie en harde dae as sy profeet, maar jy sal 'n avontuur soos min hê. God seën jou."

Toe lig hy sy hande en plaas dit vir 'n paar oomblikke op my kop.

Ek het by hom en my mense gou verskoning gemaak en agter die kerk gaan staan en snik. Die koster het verbygekom en gevra of ek orraait is. Ja, ek was, maar effe oorstelp.

Soos voorspel, was ek een van die laastes in ons groot klas wat beroep is. Die woord het klaarblyklik uitgegaan dat ek "moeilik" is. My ou gemeente, die Toringkerk, het 'n klasmaat beroep. By die Strooidakkerk het ek met een stem uitgeval.

In Franschhoek ook. Ek was nogal teleurgesteld, maar dit sou die patroon van my lewe word. Toe gaan help ek by my oom Jan Lange op Riversdal en word Albertinia toe beroep. Ek het dit met dankbaarheid aanvaar. Ds. Kootjie Sieberhagen van die Strooidakgemeente wou hê ek moes die beroep bedank, want die leraar wat hulle beroep het, was glo op pad om nee te sê.

Oom Kootjie het gesê: "Albertinia is nie 'n gemeente vir jou nie." Hy wou my graag langs hom hê, maar ek het gevoel dis tyd om die pad te vat, al het ek groot respek vir hom gehad.

Prof Kolie en sy vrou het een naweek by ons op Albertinia kom kuier. Hy wou nie preek nie. Ek moes maar die woord voer. Agterna was sy kommentaar: "'n Prediker moenie strawwe uitdeel nie. Jou sambok slaan te hard. Die Woord is sy eie tugmeester."

Dit het my bediening soos 'n handomkeer laat verander. Ek het nie weer lyste sondes gemaak nie, nooit weer nie.

In 1967 het prof Kolie in die warm water beland. Hy het op uitnodiging 'n Pinksterreeks in die Groote Kerk gehou. Saans was daar 'n klompie bruin lidmate van 'n naburige gemeente in die kerk. Hulle getalle het ook saans meer geword. Die kerk was stampvol.

Toe trek die redakteur van *Die Kerkbode*, dr. Andries Treurnicht, in 'n hoofartikel los teen die gemengde aanbidding onder leiding van prof. Kotzé. Treurnicht het beweer dat dit nie aangemoedig moet word nie, veral nie waar 'n hoogleraar optree nie: die Kerk was 'n kerk van orde, elke gemeenskap op sy eie.

Die beste reaksie op so 'n hoofartikel was om glad nie te reageer nie – daarvoor was dit te persoonlik, vyandig én dwaas. Maar die professor, getrou aan sy standpunte, haak toe af en antwoord Treurnicht nie in *Die Kerkbode* nie, maar in *Die Burger*. Die vet was in die vuur. Treurnicht, met wie ek later self 'n pennestryd sou voer, het elke brief van prof Kolie vir 'n ses geslaan. Dit was 'n onaangename spektakel. Op een punt het prof Kolie tereg gevra: "Praat my kerk só?" Maar hy is van die tafel gevee.

Op 'n dag het dr. Gideon Kotzé van Vredelust, Bellville, my gebel. Hy was self 'n formidabele man (geen familie van prof Kolie nie). Hy het gesê hy vra mense wat vir prof. Kotzé omgee om saam met hom die redakteur van *Die Kerkbode* te gaan spreek en of ek bereid was om saam te gaan.

Ons het by die ou Koffiehuis in die Groote Kerk-gebou ontmoet en van daar opgestap na die sinodale kantore. By dr. Treurnicht se kantoor moes ons wag omdat hy 'n gas gehad het. Later het hy ons vriendelik ingenooi en tee bestel. Groot Gideon het gesê dat ons daar is om oor die

onaangename onderonsie tussen hom en prof Kolie te praat. Treurnicht het dadelik begin om sy standpunt te stel "ter wille van duidelikheid". Dr. Gideon het hom net daar gestop.

"Ons stel nie in u standpunt belang nie. Al wat ons as vriende van dr. Kolie vir u kom sê, is dat u hom moet uitlos. Vir ons almal hier is hy iemand besonders en ons kan die wêreld vir u in u posisie baie moeilik maak as ons u ook per brief aanvat. Dit sal nie aangenaam wees nie, nie vir u nie en ook nie vir ons nie. Maar ons sal vir prof. Kotzé deur die vuur gaan, as dit moet."

Treurnicht het sy vingers inmekaar gevleg en toe gesê: "Dan laat ons dit daar. Ek soek nie u vyandigheid nie. U moet dit goed verstaan. Ek stem nie met u saam nie. Maar u voel blykbaar sterk oor die geagte professor. Laat ons ooreenkom om te verskil. Ek sal dr. Kotzé nie verder in *Die Kerkbode* noem nie."

Ons het beleefdheidshalwe ons tee klaar gedrink en onsself toe verskoon. Buite het ons niks gesê nie. Groot Gideon het gepraat, en klaar. Ek het later agtergekom dat Treurnicht die stukkies wat ek vir *Die Kerkbode* aangestuur het, onder meer my siening van die Marxisme, ook nie gebruik het nie. Ds. Tappies Möller het dit eers in 1972 gepubliseer toe ek al daarvan vergeet het.

By die verskyning van my eerste digbundel, *Leitourgos,* het prof Kolie my gebel. Hy was verbasend opgewonde, iets wat ek nie juis van hom verwag het nie. Hy het gevra of hy vir my oor die foon kon bid, en ek was dankbaar vir daardie gebed.

Hy was toe reeds afgetree en was weer voltyds "spesiale prediker". Hy sou waarlik oral preek tot met sy sterfte in 1978, aan sy hart. Hy was ook die eintlike krag agter Radiokansel. Vir iemand so bleek soos hy het hy 'n besonder lang kolfbeurt gehad. Hy was die beste prediker wat ek ooit gehoor het, Billy Graham ingesluit.

Ná ek by *Rapport* afgetree het aan die einde van 1997, het ek so stadigaan weer 'n "voltydse" terugkeer na die preekstoel begin maak. Ek was 'n hele paar jaar – terwyl ek nog by *Rapport* was – 'n hulpprediker by die Presbiteriaanse Kerk (sonder vergoeding), maar het nooit die NG Kerk verlaat nie. In 2008 het ek uitgehelp as predikant in die Aasvoëlkopgemeente, saam met André Bartlett; 'n groot voorreg.

Sedert my aftrede hou ek elke jaar op verskillende plekke op uitnodiging Pinksterdienste. In 2001 is ek deur Walvisbaai-Noord gevra. Maar toe kry ek 'n griep soos my pa vertel het van die Groot Griep, wat al sy hare laat uitval het. Ek het die gemeente uit die bed gebel en gesê ek sien nie kans om te kom preek nie; ek kan skaars my seer litte roer en hoes aanmekaar as ek praat. Hulle het uiters teleurgesteld geklink en gesê ek moet wag tot die volgende dag om te sien of ek nie dalk beter word nie.

Daardie nag droom ek van prof Kolie Kotzé in sy swart toga. Hy kyk my aan soos die dag toe ek gelegitimeer is en sê: "Gaan preek in Walvisbaai. Die Here sal sorg."

Ek is toe per vliegtuig vort. Saans was dit bitter koud, maar die mense het na my preke kom luister. Ek was ver van gesond, maar het by aangename mense ingewoon en uiteindelik lekker gekuier. Die opkomste was uitstekend. Maar elke aand wanneer ek gepreek het – ek het my dit seker verbeel – het ek gevoel my bleek ou professor staan in sy toga agter my op die preekstoel. En, jou werklik, hy glimlag effe.

By my vertrek uit Walvisbaai het een van die eienaars van 'n visfabriek my 'n hele goot boks vars vis gegee, netjies verpak in ys. Ek moes dit saam met my in die kajuit neem. Op Johannesburg het 'n doeanebeampte my voorgekeer en gevra wat in die groot karton is. Ek het gesê dis vis.

"You are not allowed to bring fish into South Africa from a foreign country," het hy gesê. Hy wou hê ek moes die vis by hom inhandig en verdwyn. Ek het geweier, want in my gedagtes kon ek sien hoe lekker eet hy my vis op. Hy sê toe hy sal sy "supavisa" gaan raadpleeg, maar hy weet die vis gaan net daar bly. Toe hy om die hoek verdwyn na sy "supavisa" gryp ek die karton vis van die toonbank af en hol dwarsdeur die deur tot in die aankomssaal en verder tot by my kar se parkeerplek.

My vis het ek liefderik langs my op die vloer neergesit.

My asem het gejaag, my lippe was droog van die senuwees. Maar skielik het ek gevoel: my bors is heeltemal oop, my neus loop nie meer nie, ek hoes nie meer nie. Die weghardlopery het my totaal genees. Dít, en my droom van prof Kolie.